

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal



You have Downloaded, yet Another Great
Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



**SA EXAM
PAPERS**



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

ONTWERP V1


(TEORIE)

NOVEMBER 2016

MEMORANDUM

PUNTE: 100

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID**VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE [10 punte]****Beantwoord ÓF VRAAG 1.1 ÓF VRAAG 1.2.****1.1 [Ken 8 punte toe: 'n maksimum van 2 punte per beginsel]****1.1.1****• VARIASIE**

Die VuVu-tekstielstof gebruik verskeie beelde, soos 'n sokkerbal, driepootpot, fluitjie, Marie-beskuitjie, Afro-haarkam en VuVu's wat 'n dinamiese oppervlak skep. ☒ 'n Ryk verskeidenheid kleure, patrone en simbole word in 'n geïntegreerde komposisie gewys. ☒ Die agtergronde word opgekikker met die spel van soliede, ondeursigtige kleure teenoor meer deursigtige, deurmekaar kleuraanwendings. ☒

• KONTRAS

'n Sterk en dramatiese kontras word geskep met die insluiting van die wit rand om elke sirkel. ☒ Die negatiewe, diamantvormige ruimtes tussen die sirkels kontrasteer met die sirkels ☒ en hulle rooi-oranje kleur kontrasteer met die groen fatsoene wat die oppervlak opkikker. ☒ Kontras is ook sigbaar waar ligter skakerings van kleure teenoor donkerder kleure geplaas word. ☒

• BALANS

Alle motiewe, behalwe die fluit, is simmetries in die individuele sirkels gebalanseer. ☒ Die herhaalde sirkels skep 'n algehele, kristallografiese balans, d.i. 'n eweredige verspreiding van veelvoudige fokuspunte. ☒ Die eweredige verspreiding van komplementêre kleure, d.i. rooi en groen, skep die herhaalde negatiewe ruimtes wat tot die kristallografiese balans bydra. ☒

• RITME

Ritme word geskep deur die deurlopende en herhaalde gebruik van die sirkelvorm. ☒ Ritme word deur die herhaalde gebruik van die komplementêre kleurskema beklemtoon. ☒ Die wit buitelyn of rand om elke sirkel en die herhaalde gebruik van die motiewe skep ritme. ☒

1.1.2 **[Ken 2 punte toe]**

Die term '**gestileerd**' impliseer dat vorms/beelde vereenvoudig ☒ en tot die 'allernodigste' gestroop word deur slegs 'n kontoer of buitelyn te gebruik om die motiewe te skep. ☒ Met betrekking tot FIGUUR A is die meeste beelde plat ☒ en toon baie min tonale waardes ☒ of modulasie ☒ of chiaroscuro. ☒ Motiewe is grafies. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.1.1 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	1.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		1.1.1	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.1.1	2
			1.1.2	2
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.1	1
	Evalueer, Besin		1.1.1	2

OF

1.2 **[Ken 10 punte toe: 'n maksimum van 2 punte per element/beginsel]**

- LYN**

Lyn speel 'n dominante rol in die komposisie van hierdie vensteruitstalling. Die agtergrond is slegs met lyne gekonstrueer of geteken – die tekenstyl is baie soortgelyk aan die 1900's se Victoriaanse liniêre illustrasies of etse. ☒ Dit is ook soortgelyk aan Renaissance-etse en -kartografie. ☒

'n Verskeidenheid lyne word gebruik, van vertikaal, horisontaal tot diagonaal, wat weer beweging ☒ en diepte of perspektief in die komposisie skep. ☒ Kriskras-/Kruis-en-dwarslyne word gebruik om tonale waarde, ☒ modulasie ☒ en 'n meer dramatiese toneel te skep. ☒

- PERSPEKTIEF**

Die vensteruitstalling gebruik liniêre perspektief om die illusie van diepte te skep. ☒ Die agtergrond van die vensteruitstalling is 'n tekening wat liniêre en eenpuntperspektief met diagonale lyne gebruik, wat almal in die middel van die komposisie bymekaar kom. ☒ Die vensteruitstalling skep ook 'n tweede laag met uitgeknipte fatsoene en 3D-opwip('pop-up')-beelde/winkelveensterpoppe bygevoeg om die illusie van diepte te versterk. ☒ Die gebruik van perspektief in die vensteruitstalling skep 'n kamma-fantasiewêreld. ☒ In hierdie opsig is die gebruik van liniêre perspektief suksesvol om 'n oortuigende ruimtelike realiteit te skep. ☒ Die gebruik van proporsie/verhouding wat in groter en kleiner modelle gesien word, help om diepte/perspektief te toon. ☒

• FOKUSPUNT

Die vroulike winkelvensterpop met die swart hoed, rok en baadjie word die hoof fokuspunt omdat sy net-net langs die middel geplaas is. ☒ Die ander twee winkelvensterpoppe met rooi rokontwerpe wys albei in die rigting van die vensterpop in die middel van die komposisie. ☒ Die lyne wat op die vloer in die tekening gebruik word, is almal met die vensterpop in die middel verbind. ☒ Die vensterpop in die middel is met meer lig belig. ☒

• KONTRAS


Die 2D-tekening of illustrasie in die agtergrond gebruik 'n monochromatiese kleurskema wat kontrasteer met die 3D- soliede swart winkelvensterpop in die middel. ☒ Die ander twee winkelvensterpoppe met hulle rooi kostuums skep 'n sterk en dramatiese kontras in die komposisie van die vensteruitstalling. ☒ 'n Verdere kontras is verskillende historiese style of tydperke – vanaf die 19de eeuse 'Steampunk'-illustrasies en vensteruitstalstyle tot die insluiting van Postmodernistiese eklektiese kostuumontwerpe. ☒ Daar is ook 'n kontras tussen dinamiese en statiese elemente waar die beweging van vensterpoppe links en agter kontrasteer met winkelvensterpoppe wat stil staan. ☒ Bewegende elemente soos die skip, die wiel en diagonale lyne kontrasteer ook met die beweginglose winkelvensterpoppe. ☒

• BEWEGING

Die illustrasie gebruik beelde van seilskepe en die '*Penny Farthing*' (eerste Victoriaanse fietsontwerp) om die tema van beweging of reis te beklemtoon. Hy het deur die hele uitstalling lyne gebruik om beelde te verbind en fokuspunte en perspektief te skep. ☒ Beweging is ook geskep deur herhalende diagonale lyne (bv. die fiets, die arm wat na die hooffiguur/-winkelvensterpop wys). ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.1.2 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	1.2	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		1.2	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	1.2	4
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	1.2	1
	Evalueer, Besin		1.2	2

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE DEUR ONTWERP [10 punte]**2.1 [Ken 1 punt toe]**

'n Afgod/Idool is 'n persoon wat baie gewild is en bewonder, bemin en geëerbiedig word. ☒

2.2 [Ken 2 punte toe]

Ja, in 'n groot mate verafgod die ontwerp in FIGUUR C vir Barack Obama. Die sterre in sy oë en op sy lippe plaas groot klem op sy voortreflikheid en deug. ☒ Sy beeld word gesentreer deur die vlerke van die arend (die voël wat die hoogste kan vlieg) wat dalk impliseer dat Barack Obama vir grootheid bestem is of dit dui aan en beklemtoon sy presidentskap as 'n wêreldleier. ☒

2.3 [Ken 4 punte toe]

Die arend simboliseer krag, mag en uitnemendheid, ☒ want dit is die voël wat die hoogste kan vlieg. ☒ Dit kan ook verwys na Obama se posisie as president van Amerika, bestem om die sterre in sy grootheid te bereik. ☒ Die arend is bekend vir sy skerp sig, dit kan prooi vanaf groot hoogtes waarneem en kan dus ook Obama se 'skerpheid' simboliseer. ☒

Die militêre offisiere wat vlae in die ontwerp vashou, kan 'n gevoel van respek of eer wat aan Barack Obama as die president getoon word, simboliseer. ☒

Die helikopter pas ook in by die militêre tema as 'n instelling wat sekuriteit en veiligheid aan die president en land voorsien. ☒

Die sterre in die ontwerp kan die uitstaande prestasie van die land of die president in teenstelling met ander lande en presidente simboliseer. ☒

Die swart voertuig kan parlementêre mag en status simboliseer. ☒

Die perde, gekombineer met die swart parlementêre motor, kan krag en spoed simboliseer. ☒

Die lourierkrans om Obama kan uitnemendheid en uitstekende werkverrigting soos in die dae van die Antieke Griekse en Romeinse atlete simboliseer. ☒

2.4 [Ken 3 punte toe]

Patriotisme word baie duidelik in hierdie plakkaat gekommunikeer deur die plasing van Obama se afbeelding, ☒ wat met die kleure van die Amerikaanse vlag en die Amerikaanse weermag omring/gevier is. ☒ Die teks in die ontwerp prys of juig Obama toe as die eerste swart Amerikaanse president en vir die veranderinge wat hy in sy land teweeg gebring het. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.2 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS-TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	2.3	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		2.1	1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	2.2	1
			2.4	3
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	2.2	1
	Evalueer, Besin		2.4	1
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		2.3	1

VRAAG 3**Beantwoord ÓF VRAAG 3.1 ÓF VRAAG 3.2.****3.1 [10 punte: 'n maksimum van 2 punte per aspek]**

Met verwysing na **materiaal**, die basiese struktuur van albei skoene bestaan uit leer of sintetiese materiaal, ☒ maar die buite-oppervlakke verskil waar FIGUUR D met tradisionele krale ☒ en FIGUUR E met kristalsierstene bedek is. ☒ Die tradisionele krale verbind die skoene aan die inheemse kulture van Suid-Afrika terwyl die glinsterende sierstene van FIGUUR E 'n gevoel van luuksheid en rykdom ontlok. ☒

Die tradisionele kralepatroon op die spykerhakskoene in FIGUUR D plaas die moderne skoene in 'n tradisionele **konteks** en vier 'n spesifieke erfenis of kultuur terwyl FIGUUR E 'n kontemporêre ontwerp is, eksklusief vir die rykes en slegs op die stedelike omgewing van toepassing. ☒ Aan die ander kant is die materiaal in FIGUUR D toeganklik vir 'n wyer mark. ☒ Die **doel** van FIGUUR E se uitspattige, weelderige materiaal is geskik vir eksklusiewe of weelderige geleenthede, terwyl FIGUUR D vir enige deftige geleentheid gebruik kan word. ☒

In FIGUUR D is die oppervlakkleur oorheersend helder en koel as gevolg van die turkoois in die agtergrond en die sterk donkerblou in die geometriese vorms bo-op. ☑ 'n Tikkie pienk en maroen kontrasteer met die bloue om 'n meer kleurvolle effek te verseker. ☑ Die binnevoering is gelerig, 'n warm kleur, wat met die koel bloue kontrasteer. ☑ Aan die ander kant is FIGUUR E monochromaties en bestaan slegs uit verskillende silwertone in die agtergrond met deurskynende glaseffekte bo-op wat glans en sofistikasie kommunikeer. ☑ Die glas kan ook verskillende kleure reflekteer. ☑

FIGUUR D is met 'n Afrika-geïnspireerde patroon versier wat uit herhaalde geometriese fatsoene soos diamante, driehoeke en reghoeke bestaan, ☑ terwyl lukrake **patroon** in FIGUUR E geskep word deur die herhaling van geslypte, ☑ ingelegde sierstene wat as rosetstene geslyp is op die voorgrond. ☑ Die klein sierstene/kristalle daaragter skep 'n organiese, knopperige, skubagtige tekstuur. ☑

Die toepassing van tradisionele Afrika-kralewerk op die oppervlak van FIGUUR D kan 'n mens aan kralewerk op **kitsch** kunsvoorwerpe, soos massavervaardigde kalbasse, houtlepels en bakke herinner. ☑ Die feit dat die krale op stylvolle skoene geplaas is, is onverwags en maak hierdie voorwerpe oorspronklik en nie kitsch nie. ☑ FIGUUR E word met die eerste oogopslag as kitsch ervaar omdat dit oordadig, blink, goedkoop en sentimenteel voorkom. ☑ FIGUUR E gloei in pronkerigheid en straal oppervlakkige en opgesmukke kenmerke uit. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy nasien.

V.3.1 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	3.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		3.1	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.1	4
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpretêr	30%	3.1	2
	Evalueer, Besin		3.1	1

OF

3.2 [10 punte: 'n maksimum van 2 punte per aspek]



Die Uniegebou is met tradisionele metodes gebou, waar dramure van ligte sandsteen **gekonstrueer** is. Mure is solied, wat krag en stabiliteit uitdruk. ☒ Die Skotse parlement is 'n kontemporêre gebou wat 'n staalraamstruktuur as die draondersteuning gebruik. Dit laat toe dat sekere gedeeltes van die muur uitgestrekte glaspaneel inkorporeer om 'n gevoel van gewigloosheid te skep. ☒ Die staalraam-ondersteuning is blootgestel om 'n industriële effek te skep. ☒ Die buitekant van die Uniegebou weerspieël dieselfde **materiaal** deur die hele buitekant, wat eenheid en eenvoud (tipies van klassieke beginsels) oordra ☒ terwyl die Skotse parlement 'n verskeidenheid materiaal, soos beton, graniet, glas en metaal, tipies van die veelsoortige, kontrasterende en dinamiese oppervlakke van Dekonstruktivisme, gebruik. ☒

Die Uniegebou se styl word as Neoklassiek beskou. Die koepeltorings aan weerskante van die sentrale gekurfdde kolonnadestruktuur, sowel as die kolonnades, weerspieël almal die **inspirasie** van Klassisisme. ☒ Klassieke Griekse ideale soos eenvoud, strengheid/hardheid en orde is sigbaar. ☒ Die Skotse parlement, aan die ander kant, toon die inspirasie van die vorms van nabye rotsstrukture en plantegroei in die gebruik van geometriese, hoekige, groen bedekking afgewissel met rou beton. ☒ Die inspirasie van die natuur is ook sigbaar in die hoofblokke van die Skotse parlement waar die blink, blaargtige vorms van metaal met 'n gewebe patroon bedek is. ☒

Die Uniegebou **funksioneer** as die amptelike setel van die Suid-Afrikaanse regering en huisves die kantore van die president van Suid-Afrika. ☒ Die Uniegebou is een van die sentrums van politieke lewe in Suid-Afrika en dien ook as 'n groot toeriste-aantreklikheid. ☒ Die Skotse Parlementsgebou is die tuiste van die Skotse Parlement by Holyrood binne die UNESCO-Wêrelderfenisgebied in sentrale Edinburg. Die gebou poog om 'n poëtiese eenheid tussen die Skotse landskap, sy mense, sy kultuur en die stad van Edinburg te bereik. ☒ 'n Oorspronklike doel van die Uniegebou was dat dit 'n nasionale ornament moes wees, wat 'n nasie stig/bou. ☒ Beide verheve geboue verteenwoordig die huidige regerings en is groot en dominant en weerspieël gesag en mag op toepaslike wyse. ☒

Die Uniegebou **vorm** 'n sterk, simmetriese struktuur met twee eenvoudige, blokagtige vleuels en 'n uitgestrekte halfsirkelagtige middelpunt. ☒ Die stewige blok vorms aan albei kante verteenwoordig krag en stabiliteit en die sentrale boog is simbolies van die aard van aanvaarding/eenwording. ☒ In kontras met die harmonieuse rangskikking van skoon lyne en eenvoudige vorms sigbaar in die Uniegebou, bestaan die Skotse parlement uit 'n wye reeks kontrasterende en growwe vorms. ☒

'n Bondel blokvorms in die middel spreit uit in vorms geïnspireer deur blare en vergrote bote. ☒ Die Uniegebou se vorms word deur soliede Klassieke geboustrukture geïnspireer terwyl die Skotse parlement s'n onstabiel en gefragmenteerd voorkom en aan die rotsagtige Skotse landskap herinner. ☒ **Gee krediet aan enige ander geldige stellings.**

LET WEL: 'n Maksimum van SLEGS 3 punte kan vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy nasien.

V.3.2 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	3.2	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		3.2	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	3.2	4
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	3.2	2
	Evalueer, Besin		3.2	1

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: ONTWERPGESKIEDENIS

VRAAG 4

- 4.1 [Ken 20 punte in totaal toe]
[Ken 10 punte vir elke beweging toe. Let daarop dat slegs een punt vir die naam van die ontwerper en produk vir elke beweging toegeken kan word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy nasien.]

Antieke Griekeland

Die **kultuur** van Antieke Griekeland het rasionele en analitiese denke ☒ en 'n lewe gebaseer op filosofie ☒ beklemtoon. Wetenskap, astronomie, opvoeding en medisyne was almal velde wat 'n reuse-**invloed** gehad het en is aangemoedig en bestudeer. ☒ Antieke Griekse ontwerp het inspirasie uit die menslike figuur geput. ☒ Die mens is in die middelpunt van ontwikkeling geplaas. ☒ Die **waarde** 'gesond na liggaam en gees' is deur hulle ontwikkel; ☒ gevolglik het hulle groot klem op die ontwikkeling van die verstand en hulle fisiese voorkoms geplaas. ☒ Sport en fisiese aktiwiteite het hul daaglikse lewens **beïnvloed**. Hierdie fokus op die mens word in hulle geloof en mitologie weerspieël, met die gode wat menslike vorms aanneem en menslike emosies toon. ☒ Die menslike vorm is die grootste **invloed** op alle Antieke Griekse ontwerp en is duidelik in die **kenmerke** van eenvoud, harmonie, balans, rasionaliteit en proporsie ☒ geïnspireer deur wiskunde. ☒

'n Wye verskeidenheid juweliersware is deur die Antieke Grieke gemaak – halssnoere, oorbelle, hangertjies, spelde, armbande, dybande, vingerringe, kranse, krone en oordadige haarornamente. ☒ Die **voorbeeld** van 'n armband, soos gesien op die tydlyn, is van goud gemaak, 'n metaal wat algemeen in Hellenistiese juweliersware gebruik is. ☒ Na Alexander die Grote se verowering van die Persiese Ryk en die buitmaak van die uiters ryk skatte

in Babilon, het onmeetlike hoeveelheid goud in sirkulasie gekom. ☑ 'n Toenemend vooruitstrewende gemeenskap het luukse voorwerpe, veral goue juweliersware, waardeer. ☑ Met tegniese vaardigheid het Griekse kunstenaars weelderige, ryklik versierde ontwerpe geskep. Dit het plant- en diermotiewe, soos die beukeneutborsspeld, die akantblaar en Herakles se knoop en slange, soos gesien in die voorbeeld, ingesluit. ☑

Die Hellenistiese Ryk het van Griekeland tot in Klein-Asië, Egipte, die Nabye Ooste en Indië gestrek. Hierdie ongekende kontak met verafgeleë **kulture** het nie net Griekse styl oor die hele bekende wêreld versprei nie, ☑ maar ook Griekse kuns en kunstenaars aan nuwe **waardes** en eksotiese invloede blootgestel. ☑ Die mark vir modieuse goue juweliersware het ontplof en het vir eeue lank 'n gewilde bykomstigheid gebly wat die florerende kunstenaars- en vakmanindustrie van die **toekoms** ondersteun het. ☑

Armbande is dikwels in pare gedra. Volgens die mode van daardie tyd is juweliersware dikwels in pare wat bymekaar pas, gemaak. ☑ Stukke is gewoonlik met pêrels en glinsterende edelstene of halfedelstene ingelê – smaragde, granaatstene, karneole, agate, oniksstene, kalsedone en bergkristalle. Kunstenaars het ook kleurvolle emalje-inlegwerk gedoen wat dramatiese met hulle ingewikkelde goue monterings gekontrasteer het. ☑



Gedurende Hellenistiese tyd is juweliersware dikwels van geslag tot geslag as familie-erfstukke oorgegee. ☑ En soms is dit by heiligdomme as offerande aan die gode opgedra. ☑ Daar is rekords van hooftooisels, halssnoere, armband, ringe, borsspelde en spelde in tempel- en tesourie-inventarisse, soos byvoorbeeld by Delos. Party van die bes bewaarde voorbeelde is in grafkelders waar juweliersware gewoonlik op die liggaam van die oorledene geplaas is. ☑ Van hierdie stukke is spesiaal vir die begrafnisseremonie gemaak; die meeste is egter gedurende die persoon se lewe gedra.

Art Nouveau

Die Art Nouveau-kultuur is soortgelyk aan die Kuns en Kunsvlyt-era waar die waarde van handgemaakte ontwerpe gerespekteer word, maar verskil in soverre tegnologie gebruik word vir die vervaardiging van luukse goedere vir die welgestelde mark. ☑ 'n Verandering in waardes kan gesien word in die bewyse van 'n meer sensuele leefwyse waar lyne meer gekurf en vloeiend is, en die sensuele vroulike vorm dikwels gebruik word. ☑ Hierdie beweging na sensualiteit en die skep van dekoratiewe luukseware kan as selfs sterker in die beweging wat volg, d.i. Art Deco, gesien word. ☑

Die Art Nouveau-beweging het ongeveer 1890 ontstaan en teen 1910 in gewildheid afgeneem, kort voor die begin van die Eerste Wêreldoorlog (1914). ☑ Alhoewel sterk **beïnvloed** deur die Kuns-en-Kunsvlytbeweging, ☑

het hierdie **kultuur** die gebruik van Victoriaanse tegnologie en nuwe nywerheidsmateriaal ☒ as **doelwit** aangegryp, maar hulle oordadige dekoratiewe styl verwerp. ☒

Hulle **doel** was om 'n nuwe moderne styl te skep ☒ en gou het Art Nouveau-styl produkte die mark oorstrom. ☒ Hierdie **kenmerkende** dekoratiewe styl is op die oppervlak van produkte, van geboue tot teepotte, plakkate en muurpapier, toegepas. ☒ Individuele interpretasie het daartoe gelei dat sommige ontwerpers tegnologie, ☒ die masjien en 'n stedelike omgewing aangeneem het, terwyl andere **waarde** aan die onderbewuste, natuur en geestelike **geheg** het. ☒ Twee onmiskenbare visuele style het ontwikkel. Die eerste in Frankryk en Spanje was 'n organiese styl **beïnvloed** deur die vroulike vorm, ☒ natuurlike motiewe, insekte en mitologiese kreature en is duidelik in die werk van ontwerpers soos Gaudi, Mucha en Horta. ☒ Die tweede: 'n geometriese/reglynige styl verteenwoordig deur langwerpige ontwerpe, simmetriese oplossings, ☒ eenvoud en streng beheer van lyn en vorm is duidelik in die ontwerpe van Mackintosh en Hoffman onderskeidelik in Skotland en Wene. ☒



Die voorbeeld van 'n **Art Nouveau**-beeld op die tydlyn is 'n organiese Franse styl ontwerp. Dit word **gekenmerk** deur die natuur en **geïnspireer** deur die soepel, gekurfdde lyne wat die vere en sterte van die twee poue definieer. ☒ Die pou is 'n tipiese Art Nouveau-motief. ☒ Die gebruik van emalje en goud is baie **kenmerkend** van Franse Art Nouveau. ☒ Franse ontwerper Lalique het nuwe en verskillende materiaal gebruik. Hy het halfedelstene gemeng met emalje. ☒ Hierdie kombinasie het die kuns van emaljering tot 'n nuwe vlak in die **kultuur** van die tyd gelig. ☒

Teen die Eerste Wêreldoorlog (1914–1918) het die Art Nouveau-styl se gewildheid afgeneem. ☒ **Toekomstige** ontwerpers het uit die Art Nouveau-beweging geleer; hulle het materiaal en prosesse begin verstaan en besef dat daar baie meer aan massavervaardigde produkte is as blote oppervlakversiering. ☒ Hulle het begin om die inherente fatsoen, vorm en kleur van die materiaal te gebruik in plaas daarvan om net op die oppervlak te fokus. ☒

Art Deco

Art Deco het tussen die twee wêreldoorloë gefloreer en 'n **kultuur** wat van oorloggeteisterde Europa wou ontsnap geskep deur 'n alternatiewe werklikheid van eksotisme, glans, elegansie en luuksheid te skep. ☒ Hierdie kultuur het materialistiese **waardes** weerspieël. Klem is op styl, status en besittings geplaas. ☒ Art Deco was ook deel van die begin van die wêreldwye **kultuur** bekend as Modernisme, geïnspireer deur die nuwe masjien-eeu. ☒ Teen 1925 het 'n **kultuur** van spoed ontwikkel. Dit het 'n obsessie geword ☒ en 'n steeds groeiende kennis van lugdinamika het ontwerp begin **beïnvloed**. ☒

Gepas beskryf deur Raymond Loewy se aanhaling: 'Skoonheid deur funksie en vereenvoudiging', is Art Deco in Amerika **gekenmerk** deur vereenvoudiging en die gebruik van nuwe materiale en prosesse. ☑

Die term beteken 'hou verband met die hede' en verwys na die nuwe moderne ontwerpe van die tyd, ☑ wat uit nuwe materiaal vir massavervaardigde goed ontwikkel is. ☑ Hierdie materiaal het Perspex, chroom en gevormde plastiek ingesluit. ☑

Dis **gekenmerk** deur die behoefte om van die 'alledaagse lewe' te ontsnap, en die Art Deco-beweging het 'n eklektiese ontwerpstyl geword. ☑ Ontwerpers is deur oudhede, Antieke Egipte, die Asteekse beskawings, die kunsbewegings Kubisme, Fauvisme, Futurisme, die Russiese Ballet, Afrika en alle elemente van Modernisme **beïnvloed**. ☑ Masjinerie is nou wyd gebruik om die nuwe produkte te skep om in die daaglikse behoeftes van stedelinge te voorsien. ☑ Die **kultuur** van die industriële revolusie het die stedelike bevolking laat styg ☑ wat beteken het dat daar vraag na masjienvervaardigde goedere en vermaak teen billike pryse was. ☑

Vliegtuie en motors was die **toekomstige** manier om te reis, wat dit makliker gemaak het vir mense om rond te gaan. ☑ Die droom van spoed en krag is gerealiseer deur die vereenvoudiging van ontwerpe ☑ en die weglating van hoeke en elemente wat uitsteek, wat die fokus op organiese vorms geplaas het. ☑ Hierdie nuwe vorms van reis was vinniger as enigiets voorheen ervaar, spoed was vir baie die sensasie van die **toekoms**. ☑ Spoed is **gekenmerk** as 'n teken van moderniteit en ontwerpe, wat daarop **gemik** was om om 'n indruk van spoed te skep, is by plakkate, boekillustrasies en beeldhouwerk geïnkorporeer. ☑ Vereenvoudiging is op die ontwerp van motorvoertuie, vliegtuie en skepe toegepas, selfs meubels en produkte is vereenvoudig. ☑ Vereenvoudiging was voordelig vir die motornywerheid, gebaseer op die funksionele aërodinamika en estetiese skoonheid van organiese lyne. ☑ Verkenner het na Europa teruggekeer met prentjies van primitiewe en antieke kuns wat ontwerpers met idees van die Asteke, Noord-Amerikaanse Indiane, Egipte, ens. **beïnvloed** het. ☑

Kenmerke van Art Deco is eenvoudige skoon lyne met treffende kleure, ☑ geometriese of gestileerde patrone ☑ en dikwels met 'n vereenvoudigde voorkoms. Hulle **doel** was 'n styl met gesofistikeerde elegansie en welvaart. ☑ Produkte, modes, geboue, ens. is almal individueel of massavervaardig. ☑ Goedkoop industriële materiaal, soos plastiek, metaal en beton is saam met duur natuurlike materiale, soos silwer, ivoor en kristal, gebruik. ☑



'n **Voorbeeld** van Art Deco-ontwerp is die Chrysler-gebou in New York, ontwerp deur William van Alen. ☑ Hierdie gebou **kenmerk** die Moderne; was toe die wêreld se hoogste gebou, dit word maklik herken aan die terrasvormige spitsstoring. ☑ Die toring het 7 terrasvormige boë met oorvleuelende uitsteeksels van skerp, gepunte, driehoekige vensters wat aan

Egiptiese piramides herinner. ☑ Die vlekvrystaalbedekking op die toring is gerib en omklink in 'n straalpatroon wat oorspronklik 'n Egiptiese sonstraalpatroon was, ☑ maar wat uiteindelik tipies van Art Deco geword het. Die 13^{de} vloer bevat 'n fries van baksteen wat 'n abstrakte ontwerp van motors met dekoratiewe wieloppe en reuseneusbeelde toon, ☑ 'n uitstekende voorbeeld van die styl se obsessie met spoed en masjiene/motorkarre. ☑ Die waterspuitte is deur Chrysler-motorprodukte, soos die arend wat op die Plymouth-motor as 'n masjienkapornament gebruik is, **geïnspireer**, ☑ maar die idee van dakspuiers as waterspuitte het in Gotiese argitektuur ontstaan. ☑ Die interieur van die gebou spog met baie elemente met 'n Egiptiese **invloed** duidelik sigbaar in die gestileerde papyrusblomme op die hysbakdeure, ☑ ingelê met koper en hout en tot 'n hoë glans met lak gepolitoer. ☑

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.4.1 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	4.1	4
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		4.1	2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.1	8
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.1	2
	Evalueer, Besin		4.1	1
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		4.1	3

4.2 [10 punte: 'n maksimum van 2 punte per aspek]



Doelwitte:

Kunstenaars en ontwerpers van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging se doel was om na handprosesse terug te keer en so te fokus op gehalte en vakmanskap en die gebruik van natuurlike materiale. ☑ Die Bauhaus het hierdie denkwyse heeltemal hervorm en probeer om die probleme veroorsaak deur masjienproduksie aan te pak. ☑ William Morris het handgemaakte voorwerpe ☑ en kunsvlyt deur vaardige mense ☑ beklemtoon om die meganiese proses van fabriekreproduksie waar moontlik te vervang. ☑

Die Bauhaus het nie 'n enkele styl bevorder nie, maar eerder 'n versameling sienswyses wat voortdurend verander het, ☑ soos wat nuwe sienswyses oor dinge deur die personeel en student van die skool ontwikkel is. ☑ Die stigtingslede van die skool wou 'n ruimte skep waar die rolle van die ambagsman en handwerkkunstenaar verenig word. ☑ Hierdie samewerking en gedeelde leerstelsel is op die gildestelsel van die Middeleeue gebaseer. ☑

Materiaal:

Die Kuns-en-Kunsvlytskerm is gemaak van handgeborduurde panele wat op 'n houtraamwerk gemonteer is. ☒ Die Bauhaus-skerm, wat aan die elemente blootgestel is, is aan die ander kant is van aluminium gemaak, ☒ 'n moderne metaalalloori wat nie roes nie. ☒ Die Bauhaus het die gebruik van nuwe materiaal beklemtoon en hulle studente aangemoedig om met 'n groot verskeidenheid nuwe alloorie te eksperimenteer: staalpipe, gewapende beton en glas ☒ terwyl die Kuns en Kunsvlyt tradisionele materiaal, soos hout en natuurlike vesels, gebruik het. ☒ Die hout wat in die Kuns-en-Kunsvlytskerm gebruik is, is in sy natuurlike toestand gelos en toon die natuurlike grein en kleur van die hout. ☒

Tegnologie/Prosesse:

Die geborduurde Kuns-en-Kunsvlytskerm beeld die ideale van die beweging uit omdat die ontwerpers van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging teruggekeer het na handprosesse, ☒ en gefokus het op gehalte en vakmanskap en die gebruik van natuurlike materiale. ☒ Die geborduurde skerm en houtraamwerk is handgemaak, ☒ terwyl die Kaleidoskerm wat deur Herbert Bayer van die Bauhaus-skool ontwerp is, moderne tegnologie en prosesse gebruik omdat dit van 'n alloori gemaak is met moderne tegnologieë, d.i. lasersnywerk en akwasoldering, vervaardig is. ☒ Die Kuns-en-Kunsvlytskerm word as uniek en 'eenmalig' beskou, ☒ maar die Herbert Bayer skerm kan massavervaardig word ☒ wat deur die Bauhaus aangegryp word. Die Bauhaus hervorm tegnologie ☒ en die manier waarop die kunste onderrig word heeltemal. ☒ Die Kuns-en-Kunsvlytontwerpe is eerlik, bedoelende dat 'n mens die laste en vervaardigingsmerke kan sien in plaas daarvan dat dit met dekoratiewe elemente weggesteek word. ☒ Die Bauhaus glo ook in onversierde oppervlakke soos gesien kan word in die gladde tekstuur en onversierde oppervlakke van die Bayer-skerm. ☒ Bayer se skerm sluit tegnologie in waardeur die skerms volgens behoefte, bepaal deur weer en lig, gedraai kan word. ☒

Versiering:

Die versiering van die houtskerm is tipies van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging met ineengevlegte plante, wingerdranke en blomme. ☒ Die styl gaan terug na Middeleeuse argitektuur en tapisserieë, geïllumineerde manuskripte en landelike versierstyle. ☒ Hulle versiering put besieling uit plante, diere en voëls van die natuur, veral ten opsigte van oppervlakontwerp. ☒ Die Bauhaus kry baie van sy dekoratiewe inspirasie by die De Stijl; ☒ fatsoen en vorm is tot sy basiese geometriese vorm gereduseer ☒ en horisontale en vertikale vlakke word beklemtoon. ☒ Dit weerspieël ook De Stijl se gebruik van primêre en die neutrale kleure, wit, swart en grys. ☒

Vorm volg funksie:

Die Bauhaus-skerm is ontwerp met die funksie van die skerm as prioriteit. Die skerm kom in dele en kan maklik geïnstalleer word. ☒ Die Kuns-en-Kunsvlytskerm kan plat opgevou word vir maklike hanteerbaarheid en die area wat dit afskerm, kan ook verander word. ☒ Die Bayer-skerm kan draai om die verbruiker maksimum beskerming teen die elemente te bied ☒ en ook om 'n area wat onooglik is, af te skerm. ☒ Die pragtig geborduurde skerms is esteties aanvaarbaar ☒ en die onderwerpmateriaal van flora bring die 'buitekant na binne.' ☒

Morris, die stigter van die Kuns-en-Kunsvlytbeweging, het die siening ontwikkel dat ontwerp beide mooi en funksioneel moet wees, ☒ soos in die skerm gesien. Die Bauhaus-skerm het alle versiering weggestroop, ☒ funksionaliteit beklemtoon en slegs die skoon lyne van vorm behou. ☒ Die skerm is gestroop van alle verwysings na die verlede, ☒ terwyl die Kuns-en-Kunsvlytskerm vorm en funksie in 'n estetiese geheel integreer. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

LET WEL: 'n Maksimum van 3 punte kan vir vergelykings in tabelvorm toegeken word. Gebruik die rooster vir kognitiewe vlakke as riglyn wanneer jy nasien.

V.4.2 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer	30%	4.2	3
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	4.2	4
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	4.2	2
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		4.2	1

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIOKULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5 [20 punte]

Beantwoord ÓF VRAAG 5.1 ÓF VRAAG 5.2.

5.1



5.1.1 [Ken 4 punte toe]

Sosiaal verantwoordelike ontwerp is ontwerp wat op 'n behoefte in die samelewing reageer en 'n oplossing bied. ☒ Ontwerp wat mense bewus maak van probleme, soos honger en kindermishandeling, word as sosiaal verantwoordelik beskou. ☒ Ontwerp wat nie stereotipes versterk nie of wat werk of vaardigheidsverwerping tydens produksie verseker, word ook 'sosiaal verantwoordelik' genoem. ☒

Die term verwys ook na produkte wat spesifiek geskep word om gestremdes te help of om lewensomstandighede te verbeter. ☒ Die Kenguru-motorontwerp is sosiaal verantwoordelik, want dit gee mense wat aan rolstoele gekluister is, die vryheid en onafhanklikheid om 'n mobiele lewe te lei. ☒

5.1.2 [Ken 2 punte toe]

Enige geldige produk en redelike oplossing kan gekrediteer word, byvoorbeeld 'n voedingmasjien ☒ wat 'n kwadrupleeg kan help eet. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

5.1.3

[Ken 14 punte in totaal toe]**Ken 7 punte per gevallestudie toe.****Ken slegs 1 punt toe vir die naam van die ontwerper en die naam van die produk.****EEN KONTEMPORÊRE SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER OF ONTWERPGROEP:**

Die **Siyazama-projek**, wat tradisionele kralewerk-kunshandwerk van Kwazulu-Natal vertoon, ☒ se **doelwit** is om waardigheid terug te gee aan diegene wat deur Vigs geraak word. Die projek, wat in 1998 begin is, gee die handwerkvrue wat betrokke is, 'n kreatiewe uitlaatklep om hul besorgdheid oor MIV/Vigs deur hulle kleurvolle kralewerk-materiaalpoppe en kralewerk uit te druk. ☒ Dit stel ook die landelike vroue in staat om 'n inkomste te verdien, ☒ aangesien baie van hulle die enigste broodwinners in hulle huishoudings is omdat hulle mans trekarbeiders is. Siyazama is 'n isiZulu-woord wat 'ons probeer' beteken.

In Desember 2011 het die projek by The A.R.T. Show in Durban se Tatham-kunsgalery uitgestal. Hulle het 'n **toring van 640 klein kralewerkpoppies** uitgestal, wat die getal MIV/Vigs-weeskinders in Dannhauser, KwaZulu-Natal voorstel. ☒ Hierdie honderde klein, pragtige kralewerk-kinderfiguur-poppies maak saam 'n sterk stelling oor die statistiek met betrekking tot Vigs-weeskinders in Suid-Afrika. ☒ Siyazama se doelwit was om visueel sin te maak van hierdie statistiek deur middel van 'n uitstalling, waardeur hulle gehoop het om bewustheid oor die groeiende epidemie in ons deel van die wêreld te bou. ☒ Hulle het dit as 'n oproep tot handeling beskou.

EEN KONTEMPORÊRE INTERNASIONALE ONTWERPER OF ONTWERPGROEP:

Doug Sharp en die BSB Ontwerpmaatskappy, Die Abod-skuiing ☒ Die **Abod-skuiing** reageer op die feit dat ongeveer 32 persent van die wêreld se bevolking in informele nedersettings leef, waar die behoefte aan volhoubare, menslike behuising dringend is. ☒ Die klein Abod-skuiing is 'n volhoubare, liggewigtuiste vir bewoners van informele behuising wat in slegs een dag deur hul eienaars gebou kan word. ☒ Elke skuilings kan maklik verskeep en enige plek in die wêreld opgerig word. ☒ Hoogs bekostigbaar en soepel met betrekking tot ontwerp kan elke skuiing aangepas word om by elke eenaar se besondere behoeftes te pas. ☒ Alles van kombuis- en toileteenhede tot entmure, solderuitbreidings en spesiale deure kan by die kernstruktuur gevoeg word. ☒ Dit word meestal uit sink gebou en 'n deurskynende plastiekpaneel kan gebruik word om natuurlike lig in te bring – 'n voordeel vir informele behuising waar daar tipies 'n gebrek aan ordentlike toegang tot nasionale elektrisiteitsroosters is. ☒ Geute wat by die skuilings ingesluit is, verseker dat reënwater weg van die huisies gelei word om sanitasie te verbeter. 'n Aantal huise kan aanmekaar gekoppel word om 'n klein gemeenskap te skep. ☒

Die Abod-struktuur is boogvormig om die binnekant ruimer te maak en daar is solderruimte, wat die bruikbare ruimte vergroot. ☒ Die struktuur is aanpasbaar en kan saam met ander Abod-strukture gebruik word of dit kan in bestaande wonings geïnkorporeer word. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.5.1 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	5.1.1	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		5.1.2	1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.1.3	2
			5.1.2	1
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.1.1	2
	Evalueer, Besin, Oordeel		5.1.3	6
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		5.1.3	2

OF

5.2 [Ken 20 punte toe]



5.2.1 [Ken 4 punte toe]

FIGUUR K toon hoe inheemse kunshandwerk deur ontwerp bewaar kan word deur die samesmelting van tradisionele inheemse handwerktegnieke en -materiaal met kontemporêre ontwerp. ☒ Die stoel is met 'n inheemse handwerktegniek, rottangvleg, gemaak. ☒ Die ontwerper het plastieklatte, 'n kontemporêre materiaal, in plaas van tradisionele Ilalapalmblare gebruik. ☒ Deesdae word inheemse handwerktegnieke gebruik om werklose mense in verskillende gemeenskappe op te lei. ☒ So help dit om werk te skep, mense vaardighede te gee en nasionale trots in inheemse kunshandwerke te handhaaf. ☒

5.2.2 [Ken 8 punte toe] Zulu-mandjiewerk:

Materiaal, metodes en prosesse

Ilalapalm is die mees gewenste materiaal vir mandjieweefwerk. Dit is 'n tradisionele bron vir mandjieweefwerk. ☒ Die plant groei langs die Noord-Oostelike kus van KwaZulu-Natal. Die tegnieke verskil afhangende van die streek, kultuur, geskiedenis en die materiaal beskikbaar. ☒ As dit eers gesny en gedroog is, word dun repe van die Ilalapalm om grasrolle gerol en in 'n spiraalvorm aanmekeer gewerk om waterdigte mandjies te skep. ☒ Kleure vir kleursel word tradisioneel op natuurlike wyse verkry uit gekookte wortels, blare, bessies en bas van inheemse flora. ☒

Funksies:

Die funksie hang af van hoe dit gemaak is. As dit geweef is om waterdig te wees, word dit vir die vervoer ☒ en bewaring van vloeistowwe soos melk en bier gebruik. ☒ Andersins word dit vir die bewaring van kos soos sade, vrugte en groente gebruik. ☒

Voorbeelde:

Naam van 'n inheemse kultuurgroep of spesifieke kunshandwerker: Rueben Ndwandwe vervaardig mandjies. ☒

Die **ISICHUMO** is 'n rigiede, bottelvormige mandjie vir die dra van vloeistowwe. ☒ Dit het dikwels 'n deksel wat soos 'n doppie oor die nek pas. ☒ Dieselfde stiktegniek word vir 'n Ukhamba gebruik. ☒ Hierdie geweefde mandjies word dikwels vir die bewaring van een of ander iets gebruik. ☒ Sommige is vir huishoudelike gebruik terwyl andere vir die bewaring van medisyne deur tradisionele dokters gebruik word. ☒

Die **IMBENG** is 'n klein, pieringvormige bak tradisioneel met Ilalapalm en grasvesels geweef. ☒ 'n Moderne weergawe word deur mense met telefoondraad geweef, ☒ wat 'n helder kaleidoskoop van kleur en patroon tot gevolg het en baie versamelbaar is. ☒ Die imbenge word as 'n bord vir die bedien van droë voedselsoorte gebruik, asook as 'n deksel of bedekking vir die klei-bierpote. ☒ Wanneer dit nie gebruik word nie, word dit teen die muur van die hut gehang as deel van die dekor. ☒ Die patrone op die imbenge is dikwels geometries van aard. ☒

5.2.3

[Ken 8 punte toe: ken slegs 1 punt vir die naam van die ontwerper en die naam van die produk toe]



- **Doelwitte en invloede:**

Porky Heffer is 'n Suid-Afrikaanse ontwerper en kreatiewe konsultant wat die vervaardiging van weefwerk ten opsigte van argitektuur verken. ☒ Sy doel is om wêreldprobleme op te los deur volhoubare oplossings met biomimikrie en biomorfies-geïnspireerde ontwerpe te skep. ☒ Hy het suksesvol 'n kreatiewe manier om mense van alle ouderdomme onderling te verbind, gevind. ☒ Sy gebruik van natuurlike, volhoubare bas en boomtakke om ontwerpe te weef, word deur inheemse kunshandwerkers beïnvloed. ☒

- **'n Kort analise van EEN werk en 'n verduideliking van hoe tradisionele materiaal en tegnieke in die ontwerp gebruik is:**

Hy het 'n reeks grootskaalse neste, beïnvloed deur vinke se bouegnieke en die strukturele kenmerke van rottangvleg, ☒ gemaak (idees wat gereeld deur die Campana Broers van Brasilië

en ook Andrea von Chrismar van Chili verken word). Heffer se reeks '**Wewerneste**' gebruik nie enige binnestaal-raamwerk nie. ☒ Elke struktuur is meesterlik van natuurlike volhoubare bas en takke gemaak, ☒ en op so 'n wyse geweef dat die finale vorm sterk genoeg vir ten minste twee volwassenes is. ☒ Sy 'wewerneste' hang vanaf bloekomboompale binnenshuis of vanaf bome in tuine. Sy 'neste' herinner 'n mens aan kokonne of hangmatte en word meestal gebruik om in af te skakel of te ontspan. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings

V.5.2 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	5.2.2	2
			5.2.3	2
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		5.2.1	1
			5.2.2	1
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	5.2.1	2
			5.2.2	3
			5.2.3	3
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	5.2.1	1
	Evalueer, Besin		5.2.3	3
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		5.2.2	2

VRAAG 6 [20 punte]

6.1 6.1.1 [Ken 2 punte toe]

Koolstofspore is die meting van die omgewingsimpak op 'n spesifieke individu of organisasie se leefstyl of werking, gemeet in koolstofdioksiedeenhede. ☒ 'n Kweekhuiseffek word deur die vrylating van koolstofdioksied uit die brandstof van motors, fabriek en die nywerheidsektor geproduseer. ☒ Die verhoogde koolstofspoor word direk gekoppel aan die uitdunning van die osoonlaag, aardverwarming, die smelt van die pool-yskappe en natuurlike rampe. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

6.1.2 [Ken 4 punte toe]



Die ontwerp in FIGUUR L word as **volhoubare ontwerp** geklassifiseer, want dit benut herwinde motorbande as die hoofmateriaal vir die koffietafel/ottoman, stoel en spieëlrame in die interieur gebruik. ☒ Bande is nie bioafbreekbaar nie en daar word dikwels nie op 'n omgewingsvriendelike manier van hulle ontslae geraak nie. ☒ So versamel bande op vullishope, in informele nedersettings en dra gevolglik by tot afval wat 'n negatiewe impak

op die omgewing het. ☒ Die ontwerper het hierdie weggooibande in volhoubare, ekovriendelike funksionele voorwerpe verander en transformeer. ☒ Deur die bande te hernuwe, het hy die negatiewe impak op die omgewing verminder. ☒ Hy het die ontwikkeling van oormatige nie-bioafbreekbare afval verminder en verklein. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

6.2

[Ken 14 punte toe]

[Ken 7 punte per gevallestudie toe – 1 punt vir ontwerper en ontwerpproduk]

VOORBEELD VAN 'N SUID-AFRIKAANSE ONTWERPER:



- **Naam van die ontwerper/ontwerpagentskap of -ateljee van een groot projek deur die ontwerper onderneem [Ken 1 punt toe]**

Hotel Verde deur Mario en Annemarie Delicio ☒

- **Kort beskrywing van ten minste een groot projek deur die ontwerper onderneem [Ken 3 punte toe]**

Hotel Verde is 'n omgewingsvriendelike hotel met 'n reeks stelsels wat merkwaardige water- en energiebesparings lewer. ☒ Die omgewingsvriendelike reeks stelsels in Hotel Verde bestaan uit 'n pont-gryswateraanleg, ☒ WISY-filtreerstelsel, ☒ watertenk, ☒ ekopoel, ☒ groen dak, ☒ lewendige (natuurlike) muur, ☒ gevorderde energie-modellering, ☒ windturbines, ☒ fotovoltaiiese panele, ☒ plantkamer, ☒ energie-doeltreffende beligting ☒ en terugkoppelendekrag-hysbakke. ☒

- **Hoe die ontwerper/ontwerpagentskap of -ateljee omgewings- en/of volhoubare kwessies aanpak/gebruik om die omgewing en gevolglik die lewens van verbruikers te verbeter. [Ken 3 punte toe]**

Die hotel verbeter die welsyn en lewensgehalte van verbruikers deur die ontwerp daarvan, wat volhoubaar is en sodoende so min as moontlik impak op die omgewing het. Dit verskaf skoon lug binne; ☒ die uiters doeltreffende isolering verseker dat die gaste warm water het sodra die kraan oopgedraai word. ☒ Die hotel gebruik in die winter hitte wat deur die aarde vrygestel word en in die somer 'n hitte-sinkput vir verhittingsdoeleindes om goeie termiese eienskappe aan hulle gaste te verskaf. ☒ Bewegingsensors verseker die veiligheid van gaste, maar spaar krag deurdat dit afskakel wanneer beweging vir 'n ruk lank nie waargeneem word nie. ☒

VOORBEELD VAN 'N INTERNASIONALE ONTWERPER:

- **Naam van die ontwerper/ontwerpagentskap of -ateljee en een groot projek deur die ontwerper onderneem [Ken 1 punt toe]**

Die 'Save Food from the Fridge' (Red Kos van die Yskas)-projek deur Jihyun Ryou. ☒

- **Kort beskrywing van ten minste een groot projek deur die ontwerper onderneem [Ken 3 punte toe]**

Groente word in klam sand bewaar, wat in esdoringhout- en glashouers geplaas word. ☒ Sand is 'n natuurlike bron wat help om die ongeskondenheid van die groente deur vertikale plasing teen die korrekte voggehalte te bewaar/handhaaf. ☒ Hierdie metode van bewaring boots die natuurlike omgewing van die groente in die natuur na. ☒ Boonop is die esdoring wat met byewas behandel is ook hernubare materiaal wat nie die omgewing beskadig nie. ☒

- **Die wyse waarop die ontwerper/ontwerpagentskap of -ateljee omgewings- en/of volhoubare gevalle aanpak/gebruik om die omgewing en gevolglik die lewensgehalte van verbruikers te verbeter. [Ken 3 punte toe]**

Die projek keer die konsep van 'n yskas om en gebruik tradisionele en natuurlike prosesse om kos te bewaar. ☒ Dit is omdat yskaste energieverbruikende monsters is. ☒ Die projek gebruik groente soos wortels, sprietuië en seldery en bewaar dit in klam sand en hoë vogtigheid. ☒ Dit bewaar die groente goed deur dit verkil te hou. ☒

Gee krediet aan enige ander geldige stellings.

V.6 VLAK	KOGNITIEWE VLAKKE	GEWIGS- TOEKENNING	VRAE	PUNTE (10)
Laer Orde	Onthou, Herroep, Herken, Noem	30%	6.1.1	1
	Verstaan, Verduidelik, Beskryf, Klassifiseer		6.1.2 6.2	3 2
Middelorde	Toepas, Implementeer, Organiseer	40%	6.1.1 6.2	1 7
Hoër Orde	Analiseer, Vergelyk, Interpreteer	30%	6.2	2
	Evalueer, Besin, Beoordeel		6.1.2	1
	Skep, Sintetiseer, Regverdig		6.2	3

TOTAAL AFDELING C:
GROOTTOTAAL:

40
100